



KAMMANUUS

VIR KAMMALANDERS ORALOOOR

Nommer 250

12 Januarie 2009

TOULEIER

Kataarse Krismisjolyt



Net toe ek dink dat al die laagtepunte van die jaar 2008 nou uiteindelik verby was, vang hy mos toe nog 'n dip. 'n Slaggat. 'n Gatslag. Dit was die eerste keer in my lewe dat ek op Kersdag moes werk.

'n Mens kan dit nie eens met noodwerkers vergelyk nie, want daai mense kry darem die gevoel hulle doen iets vir hul medemens. Ek moes werk vir eie gewin en dié van die Katare.

'n Westerling en Christen is nie gemaak om op daardie dag te werk nie. Sela. Gelukkig was Kersdag dié jaar op 'n Donderdag. Hoekom? Omdat die manne met die lang gewade mos Vrydae Sondag hou.

Dus kon ons toe drie paartjies op Kersaand saamkom en fees vier, sonder om te kommer oor vroeg opstaan op Vrydag. Sommer in Engels en Afrikaans gebid vir die voorreg.

Maar laat ek net so effe terugrol. Die middag al probeer Annabelle een van haar maer "nommertjies" aan.

Onthou, sy's toe al 'n hele twee weke hier, en die berugte Doha dubbelkilo wat 'n mens optel hier, was al goed aanwesig. So skuins gedraai voor die spieël en droogweg opgemerk, so uit oom Oubaas van 7de Laan se mond uit: "Ek lyk nou nes *mutton pressed as ham*." Toe maar iets mooier en gemakliker gaan aantrek.

Om sesuur daag Ali, ons huurmotorbestuurder op. Ons bestel hom as ons die aand iets gaan drink saam met die ete. Hulle deporteer jou as hulle jou met ENIGE alkohol in jou bloed vang bestuur. Net nie die moeite werd nie.

Steeds maar stout, draai ons 'n bottel Australiese vonkelwyn soos 'n persent toe en neem dit saam tussen die ander geskenke. Die drankstorie hier is baie streng. Jy moet R2 500 betaal vir 'n permit om drank te mag koop. Jy mag net 'n permit kry as jy 'n verblyfspemit het, en jy kry net 'n verblyfspemit as jy 'n kontrak het om hier te werk.

Daar is ook net een drankwinkel. Hy vra dus wat hy wil. Vonkelwyn kos bv. tussen R300 en R1 000 per bottel. Een bier R25. Alle drank wat jy koop, moet reguit huis toe, sonder draaie. Jy mag dit ook net by die huis drink, nie saamneem na 'n ander ete toe nie. Ook nie aan iemand skenk nie. Daarom die toedraai van ons wyn daai aand.

Daar aangekom, was die feestafel al gedek. Kyk, het daai twee anties nou uitgehang! Met die feesmaal, meen ek. Kamermaatjie het aangebied om te help, maar daar is genoem sy's mos op vakansie, dêmmit.

Die Australiese skaapboud het hom verbeel hys uit Suid-Afrika nadat Erna met hom klaar was. Dirkie het gesorg vir Koeloe-Koeloe. Nou wil ek by julle klomp weet wat noem 'n mens 'n kalkoen wat homself in die oond smeer. Hoe op aarde hy dit regkry om met daai af-vlerkies 'n kwas vas te hou en homself met rooi Portwyn te verf, wil ek nie weet nie. Maar glo my vry, dis verskriklik lekker. Ek het weer en weer gaan opskep.

Gewonder waar ek nog plek gaan hou vir die Pavlova, of die malvapoeding en roomys, of die vrugtetertjies en rumbotter, of die Krismispoeding. Toe maar net diep gesug en nog pampoentert langs gebraaide aartappeltjies en blomkool in witkaassous op my bord gelaai. Luier luier lekker gekuier totdat Ali ons weer kom haal het.

Daar weg met meer as wat ons arriveer het. Dae lank gesmul aan die oorskiet kalkoen en die Karooipoeding.

Ai, en toe lê Nuwejaar se groot eet nog voor!

Hennie Greeff

Doha, Katar



ROELFIE SLAAT RAAK

♣ Slaapstad is 'n flop!

NOU JA, die einde van die jaar se dinge is ook eers weer agter die rug en die lewe begin so stadigaan weer sy normale gang kry. Soos Roelfie se bruin slagter sê: "Maandag kom ons weer met ons ou skoene werk."

Lyk vir Roelfie die mense wil maar net nie luister nie: Jy kom hou nie in Desember vakansie in Slaapstad nie. Tot hier diep in Februarie is dit warm, die suidoos en -wes waai jou gedaan, en snags kan jy dikwels nie sonder 'n jas gaan stap nie soos die suidewind deur jou sny.

So is daar vanjaar weer 'n klomp teleurgestelde Trônsvôlers.

"As jy in Gautêng bly soos ek," het Debby-Shay gekla, "is daar min om voor te lewe. So ek en Vleis het ons hoop op die Kaap gevestig, maar dis vervelig. Al wat die branders doen, is hulle gaan in en kom uit. 'n Mens kan ook nie saam met dolfyne swem nie."

Suzy van Sandton sê sy het gedink die kleurlinge dra heeljaar karnaval-grimering en speel goed soos *Hie' kommie Alibama* op hul ukeleles.

"Toe ons vir een vra om iets te sing, het hy iets van my ma se Porsche gesê, wat simpel is, want sy ry 'n Bentley," het Suzy gekla.

'n Besoeker van die Oos-Rand het oor die vis gekla. "Die Kaapse vis smaak dan na vis, nie na hoender en beenmeel soos in Gautêng nie," was sy lament.

"En die mense kyk jou skeef as jy Coke saam met jou rooi wyn drink, of jou cherrie stuur om vir jou 'n *refill* te kry en siegrets te koop!"

Dôn is dôn nêtuurlik oohik die Trônsvôlers wôt ejelders strôndhuise ôn die Kôôpse suidkus het. Hulle klô nie. Die kinders speel heuldôg in die brônders op die strônd, en as dit ôônd word, is hulle lekker vôi en moeg en dôn kôn pô en mô lekker lôôt wôi.

► **En so kla en kuier ons die nuwe jaar in. En as julle na Roelfie se raad wil luister: Maak alles vas wat los is, want hy dink dinge gaan vanjaar rof raak . . .**

♣ Matriek-bedrog

ROELFIE sien meer as die helfte van die land se matrieks het darem geslaag - wat eintlik maar twee dinge beteken: Hulle was suksesvol om die eksamenlokaal op te spoor, en kon dit regkry om te weet watter kant van die vraestel bo is.

Hoe twee handevol skole in die Voos-Kaap het slaagsyfers van 0% behaal, kan 'n mens maar net raai. Hulle kon dus nie eens ná opwaartse aanpassings 30% vir hul vakke verwerf nie.

Maar o, die eerste UGO-matriek was 'n groot sukses as jy na die politici luister, al moes 57000 (of omtrent tien persent van die eksamenskywers) nog 'n week of twee op hul uitslae wag. Onthou, dis verkiesingsjaar, en daar is geen groter sonde as om te erken dat die regering 'n groot gemors van onderwys (en verreweg die meeste ander dinge) maak nie.

Want daar is geen ander land in die wêreld wat in so 'n ontkenende fase oor sy mislukking leef as Duskantland nie. Toe hy die land se onderwys moes regruk, is onderwysers afgedank, onderwyskolleges gesluit en miljarde rand aan wapens en die gepaardgaande bedrog en selfverryking bestee . . .

Voel jammer vir die universiteite, wat weer tienduisende studente gaan kry wat nie eens ná oorbruggingskursusse hul eerste jaar sal slaag nie, want matriek-vrystelling net 'n stukkie papier sonder 'n sterk akademiese basis geword.

► **En vir die werkgewers, van wie verwag word om betrekkings te bied aan jong mense wat nie daarvoor kwalifiseer nie. En so rol nog 'n jaar in die gekkeparadys aan . . .**

♣ Pasop vir die polisie!

SOOS wat Duskantland se polisiemag deesdae mense aanrand, met hul blou ligte van die pad af druk en wederregtelik opsluit, sien Roelfie net een oplossing: Ons moet 'n beskermingseenheid kry wat ons téén die wetstoepassers moet beskerm.

Allegaartjie



SNAAKSE NASIE, DIE YANKS

'n Mens kan nie anders nie as om te dink dat die Amerikaners 'n nasie vol idiote is - nie as jy kyk na die lawwe waarskuwings op hul produkte nie. Of dalk is hulle net 'n nasie waarin almal rede soek om hof toe te gaan?

♦ Die waarskuwing op 'n baba-stootwaentjie lui: "Verwyder kind voor jy opvou." Klink heel oorbodig, maar skynbaar is daar Amerikaners wat die stootwaentjies met baba en al opvou.

♦ Op 'n bottel gegeurde melk: "Hou regop nadat oopgemaak is." Vir ander nasies is dit vanselfsprekend, maar nie vir die Amerikaners nie . . .

♦ Op 'n spuitmiddel teen insekte: "Dood alle soorte insekte. Waarskuwing: Hierdie sproei is skadelik vir bye." Nou toe nou!

Aankondigings op die Londense moltreine

Hierdie is ware opgetekende aankondigings wat op die Londense "tube" gemaak is:

▶ "Dames en here, ek vra verskoning vir die vertraging in ons diens. Ek weet julle brand almal om by die huis te kom, behalwe as een van julle dalk met my vorige vrou getroud is. As dit die geval is, moet daardie persoon na die westelike roete oorklim en in die teenoorgestelde rigting reis."

▶ "Vanaand se vertraging word veroorsaak deur die lynkontroleur, wat aan die E&A sindroom ly. Dit beteken hy ken nie die verskil tussen sy elmboog en sy agterent nie. Ek sal julle op die hoogte hou met enige veranderinge."

▶ "Dames en here, ons vra verskoning vir die vertraging, maar daar is 'n sekuriteitsprobleem by Victoria-stasie. Ons mag vir die afsienbare toekoms hier gestrand wees, so kom ons hou op om daaroor te tob en geniet die tydjie saam. Almal saam nou: "Ten green bottles, hanging on the wall . . ."

▶ "Bedel is verbode op hierdie trein. Moet asseblief nie hierdie beroeps-bedelaars ondersteun nie. As jy los geld het, gee dit aan 'n erkende welsynsorganisasie. As jy nie van so iets weet nie, kan jy die geld sommer vir my gee."

UIT DIE BRITSE PERS

Die polisie het bekend gemaak dat 'n vrou wat vir winkeldiefstal gearresteer is, 'n hele salami in haar onderklere versteek het. Haar verskoning was dat sy haar Italiaanse minnaar mis.

(Manchester Evening News)

Die Ierse polisie word gekortwiek in hul soektog na 'n gesteelde voertuig omdat hulle nie 'n beskrywing daarvan mag gee nie. Die voertuig behoort aan die Special Branch en hulle wil nie hê die publiek moet weet hoe dit lyk nie.

(The Guardian)

Op die toppunt van 'n storm het die hawemeester 'n kuswag gebel en hom gevra wat die geskatte windsnelheid is. Die kuswag het gesê hy is jammer, hy het nie 'n windmeter nie. Maar as dit sal help, kan hy sê dat die wind so pas sy Land Rover van die krans afgewaai het.

(Aberdeen Evening Express)



Dié week se giggels



VERSKIL

Wat is die verskil tussen 'n gewonde seekoei en 'n soprano? Die juweliersware.

BRING HULLE!

'n Ryk blondine sien 'n boemelaar by die supermark se parkeerterrein. Hy staan op sy knieë en eet gras.
"Is jy honger?" vra sy baie ontsteld. Hy knik sy kop.
"Kom saam huis toe," sê sy.
"Ek kan nie," antwoord hy. "My hele familie is ook hier."
"Bring hulle almal saam," sê sy.
"By my huis staan die gras baie hoog."

NOG BLONDIES

Hoe herken jy 'n blond by 'n begrafnis?
Dis die een wat die ruiker probeer vang.
Hoekom staan 17 blondines buite die kroeg?
Want hulle moet 18 wees om in te kan gaan

VLEIS SE PRYS

Wat doen 'n mens as die vleisprys opgaan?
Jy koop minder vleis.
Wat doen 'n mens as drankpryse opgaan?
Jy koop nóg minder vleis.

TOEKOMSGESIG

Twee fortuinvertellers sit in 'n buitelugkafee in Kaapstad en tee drink.
"Wat 'n wonderlike dag!" sê die een.
"Ja," sê haar maat. "Dit laat my so baie dink aan Januarie 2012."

SLIM KIND

Seuntjie aan ma: "Ek wil graag 'n boetie hê vir Kersfees"
Ma: "Daar is te min tyd daarvoor."
Seuntjie: "Maak dan soos Pappa en sit meer manne op die job!"

LIEFDE

Wat is brandende liefde?
Dis wanneer jy in die donker die Vaseline soek en die Vicks raakvat!

REDELIKE VROU

Ek kyk my vrou op 'n dag so en sê:
"Liefie, toe ons 30 jaar gelede getroud is, het ons 'n goedkoop woonstel en 'n goedkoop kar gehad. Ons het op 'n sofabed geslaap en na 'n swart-en-wit TV-stel gekyk. Maar ek het elke aand by 'n vuurwarm blondine in die kooi geklim. Nou het ons 'n mooi huis, 'n mooi kar en 'n plasma TV-skerm. Maar ek slaap elke aand by 'n vrou van 55, en ek dink nie jy is besig om jou kant te bring nie."
My vrou is 'n baie redelike mens. Sy sê toe ek vir my 'n warmbloedige 25-jarige blondine soek. Dan sal sy, wat my vrou is, seker maak dat ek weer in 'n goedkoop woonstel bly, in 'n goedkoop kar ry, op 'n sofabed slaap en na 'n klein swart-en-wit TV kyk.

HÄGAR deur Chris Browne





Sneeuwitjie en die Sewe Vertikaal Gestremde Persone

Dit lyk al hoe meer of die nuwe geslag Britse ouers hul varkies verloor het - of dalk is dit net 'n reaksie op die feit dat hul jeug al hoe dekadenter raak en hulle die fout op die verkeerde plek soek?

Ons het almal met die kindersprokies oor Rooikappe, Sneeuwitjie en Aspoestertjie grootgeword, maar die nuwe geslag Britse ouers dink dis heeltemal te boosaardig vir hul kinders.

Meer as 3 000 ouers het in 'n opname gesê hulle verkies ligter slaapydstories. Sneeuwitjie se verhaal word as die ergste beskou, nie net oor die heks nie, maar omdat dit glo politiek nie korrek is om na klein mensies as "dwerge" te verwys nie. Een uit tien mense het voorgestel die storie word na "Sneeuwitjie en die vertikaal gestremde persone" herdoop.

'n Derde van die hedendaagse ouers slaan Rooikappie oor omdat sy "alleen deur die woud stap en dan uitvind haar ouma is deur 'n wolf opgevrete".

Aspoestertjie is onvanpas omdat sy gedwing word om huiswerk te doen. 'n Vyfde van die ouers hou ook nie van Die Gemmerbroodmannetjie nie omdat 'n jakkals hom opvrete. Hulle blaai verby Hansie en Grietjie omdat die twee se ouers hulle in die steek laat en alleen in die bos los.

Die opname is deur *TheBabyWebsite.com* gedoen, wat meen dis 'n groot jammerte moderne ouers is so politiek korrek dat hulle sprokiesverhale wat kinders al honderde jare vermaak, uitgestem het.

"Kinders hou daarvan om 'n verskeidenheid stories te hoor. Hulle wil na veraf lande meegevoer word waar hulle hul eie verbeelding kan gebruik en waar die goeie oor die slegte triomfeer," het 'n woordvoerder van die webwerf gesê.

Altesame 17% van ouers is bang dié klassieke stories gaan hul kinders nagmerries gee.

Gouelokkies en die drie bere haal darem nog die paal.

10 ongewildste sprokies

Sneeuwitjie en die Sewe Dwergies	Jan en die Boontjierank
Hansie en Grietjie	Die Slapende Skone
Aspoestertjie	Skoonlief en die Ondier
Rooikappie	Gouelokkies en die Drie Bere
Die Gemmerbroodmannetjie	Die Keiser se Nuwe Klere

Wat dink die Kammalanders?

Is die Britte heeltemal betjoins oor politieke korrektheid?

Is hulle besig om 'n kultuurskat van hul kinders weg te hou?

Het jy met hierdie sprokies grootgeword?

Lees jy hulle saans vir jou kinders - of het televisie jou huishouding oorgeneem?

Ons wil graag hoor wat ons lesers oor die onderwerp dink - maar probeer jou briefie so by 200 woorde maksimum hou, dan kry meer mense praatkans!

Stuur jou briefie aan pos@onsdorp.com en merk dit SPROKIES.



MAKERIEPAS

Mosambiek-safari -

Deel 1

Deur Corinus du Toit

Ek lees iewers 'n garnaalstorie oor 'n swart student wat sy garnaal met dop en al wou eet, wat my maar net opnuut weer laat besef hoe groot die gaping tussen die verskillende kultuurgroepe is.

Sommiges beskou dit as 'n teken van agterlikheid of onnoselheid, maar hoe moet iemand van beter weet as dit buite sy verwysingsraamwerk val?

'n Klompie jare gelede was daar een of ander gedoe vir die finalejaar maatskaplike werkerstudente van RAU. 'n Professor vra dat die studente self verantwoordelikheid neem vir die verversings, en stel voor dat hulle beide soet en sout eetgoedjies voorsit. Wat verskyn toe op die tafels? - pakke tjips en Sucus-lekkers!

Dieselfde geld funksies waar kulturgebruike lynreg met mekaar bots. In die blanke kultuur eet jy by 'n funksie totdat jy versadig is, en los wat oorbly. In die swart kultuur eet jy tot jy versadig is, en neem die res huis toe.

Ek hoor gereeld die negatiewe kommentaar uit blanke geledere hieroor, maar sou graag wou hoor wat die swartes van ons swak maniere dink om kos agter te laat - soos uit hulle verwysingsraamwerk gesien.

Toe Venda nog onder die ou bedeling onafhanklik geword het, het die artillerie 'n onafhanklikheidsaloot van 101 skote daar gaan skiet. Ná die verrigtinge kon die toeskouers ietsie gaan eet.

Die tafels is bestorm en elkeen het 'n bak kos probeer gryp. So het een vrou 'n reuse bak groen jellie in die hande gekry. Sy het haar nuwe onafhanklikheid gevier deur daardie bak groen jellie as enkelgereg alleen op te eet - al het dit amper vier ure geduur!

Maar laat ek by my storie kom wat deur die gamale gesneller is. In 1984 was ek as kommandant betrokke by die inligtingskompartement van Kommandement Oos-Transvaal, en doen ons gebeurlikheidsbeplanning in geval van oorlog met Mosambiek.

Ek was juis besig met 'n voorligting by die Lëerkollege toe ons bevelvoerende generaal Lëerhoofkwartier toe ontbied word. Met sy terugkeer hoor ons toe dat ons nie meer oorlog gaan maak nie, maar 'n vredesverdrag gaan sluit - die latere Nkomati-verdrag.

'n Uitvloeisel daaruit was dat ek deel van 'n weermaggroep geword het wat oor die oopstel van die Cahora Bassa kraglyn vanaf Mosambiek sou onderhandel.

Ons vlieg Maputo toe, klim daar in 'n rammelkas Mosambiekse vliegtuig en eindig in Chimoio, redelik ver Noord. Die Suid-Afrikaners word in twee huise vir die nag gehuisves, en natuurlik gaan daar die aand 'n funksie wees. Met die instap waar ek slaap, is daar 'n oorweldigende stank in die huis en ek sien swarigheid vir die nag wat kom.

Op my vraag oor die reuk, antwoord die tolk: "They make prawns for tonight." As stoere Bolander wat op waterblommetjies, skaapvleis en snoek grootgeword het, is dit toe my eerste blootstelling aan garnale, en kan ek nie dink dat iets wat so stink met die gaarmaak, enigsins eetbaar kan wees nie - om nie eers te praat van lekker nie.

Daardie aand kan die Mosambiekse gashere nie verstaan dat ek nie my mond aan 'n garnaal wil sit nie, terwyl my kollegas hulle omtrent daaraan vergryp. Die gasheer, minister Sergio Veira, kom vra selfs besorgd of ek dan siek voel.

Voor ons vertrek na Mosambiek het die *medics* ons gewaarsku om in hemelsnaam slegs gebottelde water te gebruik, veral buite Maputo. Die aand wil ek my tande borsel, maar daar is slegs kraanwater beskikbaar. Dit het nogal 'n unieke kleurskakering en gee 'n reuk af wat 'n mens nie eers in 'n bottel wyn wat af is, sal teenkom nie.

Ek kan sweer ek sien goetertjies daarin rondswem, maar dit kon ook my

MAKERIEPAS (vervolg)

verbeelding gewees het. Die enigste gesëelde vloeistof in die huis is 'n botteltjie louwarm limonade.

Een van die meer interessante smake wat ek in my lewe teengekom het, is dié van Signal-tandepasta gemeng met Sparletta limonade - en dit bly LAAANK in jou mond, veral as daar nie iets anders is om mee te spoel nie. Lesers kan dit gerus op die proef stel, maar ek waarsku dat dit waarskynlik nie 'n treffer-van-die-jaar-smaak gaan wees nie!

Met 'n volgende besoek aan Maputo eindig ons in die Zambi-restaurant. In daardie stadium het ek darem al my vooroordele teen garnale oorkom en bestel dit as 'n gereg - soos ook die ander in die geselskap.

Die kelner kom plak 'n reuse bord voor my neer met 'n bedding rys daarop so hoog soos die grondhoop langs 'n pasgegraafde graf. Bo-op hierdie bedding lê daar net ses garnale, maar hulle lê die hele bord toe. Dit was in die dae toe ek nog redelik horisontaal gestrem was en vir die eerste span kon eet, maar halfpad deur garnaal vier moes ek halt roep. Dit was net eenvoudig te veel kos.

Ek drink Coke, en die ander drie in die geselskap brandewyn (aquardente, as my spelling reg is). Toe die rekening kom, is daar 21 aquardente daarop, en dit kos meer as die vier borde garnale saam. Totale rekening R850 - en dit in Maputo in 1985! Philip du Preez praat Portugees en hy laat roep die eenaar. Later praat hulle dat die spoeg spat en toe ons betaal, is dit af na R350.

As junior in ons groep tree ek as mede-sekretaris op saam met die junior in die Mosambiekse groep, ene It.kol. Ismael Mulla Manguira.

So kom dit dat ons die aand laat nog aan die notule skaaf en die gesprek draai later na godsdien. Hy kom oor as 'n oortuigde kommunist, maar is duidelik 'n opgevoede en belese mens. Toe hy my later hotel toe neem, praat ons nog steeds. Met die uitklim eindig ek met die woorde:

"Let us assume that you are correct and there is no God. When I die, I would have lost nothing, except maybe a bit of worldly pleasure. But, if I am correct and there is a God ..." waarop hy dadelik reageer met ". . . then I would have lost everything."

Ek het hom nooit daarna weer gesien nie, en het al dikwels gewonder of hy kommunist gebly het.



En waarom grinnik jy so?



Outydse rate

Gerrit Theron van Hartenbos gaan ons help om hierdie nuwe rubriek te skep. Hy skryf:

In die onlangse verlede het ek in besit gekom van 'n baie besondere resepteboek "Oranje Kook-, Koek- en Reseptenboek voor Zuid-Afrika door Mevr. D.J.H. [Derde veel vermeerderde druk] - 1913."

'n Mens kan jou verkneukel aan al die interessante resepte. Daar is ook 'n afdeling onder die opskrif "Geneeskundig Raadgevingen." Dit is nou eers interessant. Daar word onder meer raad gegee vir toestande soos Aambeien, Belroos, Bloedstorting, Likdoorns, Stinkneus, Voor te Vet of Dik Worden. Die een wat vir my uitstaan, is vir 'n breuk. Hier volg dit :

Raat vir 'n breuk

Aluin in Eau de Cologne gesmolten en opgezet. Kloof een boom open, dat het onder en boven nog toe blyft, steekt de patient er drie maal door, en bind de boom weer stevig vast met een riem of sterk touw. Als de boom goed toe groeit, helpt het. (En as die boom doodgaan?)



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

Beets

jr.vdmerwe@gmail.com

Het iemand êrens 'n stukkie of stamboom van die Beetse?

Gerryts

dgerryts@vodamail.co.za

Nageslag van Egbert Gerryts van Zoltkamp.

Klijnhans

henkklijn@gmail.com

Laat weet as iemand inligting het. Familie in Pretoria, Kempton, Warrenton, en nog 'n paar plekke.

Lubbe

didask@gmail.com

Is daar ander Lubbe's wat meer info het?

Naude

naude@com2000.co.za

Oosthuizen

jeanmei@xtra.co.nz

Sandenbergh

sampie@mbwisp.com

Schoeman

miranda@lilydalevetcentre.com.au

Smith

hannessmith@telkomsa.net

My navorsing steek vas by my oupagrootjie, William James Smith, wat met sy pa, broer en suster vanuit Skotland hier aangekom het ongeveer 1830 (sy moeder is oorlede op die reis hierheen en ter see begrawe. Hy is waarskynlik getroud circa 1836 met Sarah Maria Janse van Rensburg by Schmidsdrif, Douglas naby Kimberley. My oupa, ook Johannes Lodewyk, is gebore 1860 of 1862 in daardie geweste. Ek vermoed oupa William James moet daar iewers begrawe wees.

Volschenk, Christo

Lamecro@telkomsa.net

Alles oor die familienaam waar die eerste Volschenk vandaan kom ens.



BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

E-pos aan pos@onsdorp.com en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp. **Briewe word onveranderd geplaas.**

✉ Onsdorp op *Kwêla* - reaksie

Dankie aan almal wat gereageer het met kommentaar oor die insetsel oor Hennerik en sy Kamermaatjie op Kwêla (7 Januarie). Só skryf die Kammalanders:

Anton Lottering:

Ek het gister aand na KWELA gekyk en het dit nogal heel intressant gevind om te kan sien wat jy alles doen en waar jy orals was. Dit was maar net so 15 min uitsending gewees.

Dit het alles basis oor jou werk en die webtuiste gegaan wat jy gestig het. Hulle het ook gewys waar jy betrokke was met die Gautengtrein projek en waar (soos hulle se) orals gat gekruip het. Dan het hulle ook oor jou "kamer maat" gesels en met haar ook gesels. Daar is ook gewys oor die web tuiste wat jy geskep het en wat dit alles behels.

Ek het aan my vrou vertel van alles wat daar op is en dan het hulle ook daaroor gepraat. Ek het vir haar vertel van ou ROELFIE en hoe raak hy slat en wat hy alles raak slaat.

Daarby het hulle ook genoem dat jy Afrikaans in die buite land op die tuiste vir die Afrikaans spreekende mense wyd en suid uit vat, dat almal welkom is om op die tuiste te kan ingaan en daar kan lees wat orals aan gaan.

hulle het snitte gewys waar jy in RSA, Flippyne, Noord-Amerika, Japan en daar in duskantland is en die werk wat jy doen.

As 'n suid Afrikaners wil ek net dankie se vir die lekker lees briefie wat ek gereeld van jou af ontvang. Dit is lekker om te lees wat daar aan die anderkant die waters aan gaan en hoe die mense daar lewe.

(Ek is baie bly Roelfie het ook kalklig gekry want sonder hom sou Kammanuus nie wees wat dit nou is nie. Hoop net nie jy het vroulied gedreig met Roelfie nie! Hy slaat nie vroue nie. Kyk hoe kruip ek al weer gat. - Hennie.)

Elsje Kraft van Etosha:

Ek hoop regtig hulle stuur vir jou 'n kopie van die uitsending! Dit was baie goed en is 'n pragtige geskenk vir familie en vriende!

Jy het menige talent en ons waardeer die "binne-toe" kyk in jou werk en stokperdjies. Daar was iets van als. Jou omswerwinge, werk, en persoonlike lewe - dit laat mens waardering kry vir die passie wat jy het vir Afrikaans en Suid Afrika.

Mag 2009 jou en kamermaatjie bring na lekker plekke!

(En dankie vir jou Kambassadeurswerk vir ons in Namibië, Elsje. Die lesers wat nog wil kyk na die program kan gerus inteken op www.kuduclub.com - hulle het verskeie Afrikaanse TV programme soos Kwêla op argief - Ek het juis daar gaan kyk Vrydagaand. - Hennie.)

Retha de Bruyn:

Die insetsel op Kwela was baie goed en nou weet ons ook so 'n klein bietjie meer van jou! Sjoe, maar jy het 'n mooi vrou en g'n wonder jy spog so gereeld met haar nie. Baie van ons sal heeltemal te bang wees vir al die "vreemde" wat jy beleef en daarom geniet ons jou stories van verre lande en kulture so. (Ander het net gewoonweg nie die geld nie!)

Doet so voort!

(Ja nee, so 'n mooi kamermaatjie hou mens goed op jou tone en aan die beweeg! - Hennie.)

Wynand du Plessis:

Ek dink dit was fantasties. Die program samestelling dink ek was puik.

Ons het vas genael voor die kassie gesit. Ek sou bietjie meer oor Onsdorp wou sien, maar dan sou ek minder van jou sien.

Genuqtig, maar jy is 'n besiqe mens. Wat vir my ook so mooi is, is jou vroujie

wat so alles met jou meemaak.

Ek kan net afsluit deur vir jou te vra moet nooit ophou nie - terwille van Afrikaans.

Sterkte met jou beroep en met Onsdorp.

(Alleen kan ons dit nie doen nie Wynand, julle moet julle kant bring deur gereeld te skrywe - Hennie.)

André Dippenaar, Vredenburg:

Gate uit geniet! Jy's darem maar 'n bliksem vir jou size! Sê vir jou Bedmaatjie sy't heel sag oppie oog oorgekom - het net die gidshond gemis - het sy jou al rêrig gesien!? Knap gedaan ou Mater!

(Ja, Jats! net 'n blerrie Vriedenburger wat mens so op 'n spesiale manier kan prys! Annabelle kyk nou wel deur rooskleurige brillettjies na my, maar ou swaer, ekt n sawwe lyf en jy moet voel hoe sy vat! - Hennie.)

Mariana Carosini van die Weskus:

Sjoe, maar ek was nogal nie min "grand" gisteraand nie - om te dink my ou vriend en sy kamermaat was op die TV! Moet sê - jy het nogal heel mooi gelyk - en ek sien sommer Annabelle is gebore TV-ster!!

Ek was na n vergadering, maar, Theodore-hulle het dit opgeneem; die res van my vriende en familie -oral deur die land - was ook opgeline om die program te kyk.

Dankie vir wat jy vir ons almal doen. So lekker om altyd met jou te gesels.

Ek sal jou meer op hoogte bring van wat hier aan die gebeur is, maar, ek moet net gou eers stukkie werk.

Wag om van jou te hoor - en om te dink - jy het al vir ons hier op Lutzville ook kom kuier!! Hoop darem ons sien jou hierdie jaar weer.

(Mooi loop, Rosyntjie, hou maar vir Koos Wye Voete oppie ys, ons is een van die mooi dae weer daar! - Hennie.)

Lizáne Stander, Gauteng:

Shoe, na ek gisteraand gesien het watse werk jy vermag en met jou insae op die Gautrain wil ek amper vir jou sê "Mnr Greeff". Ek is beïndruk met jou werke. Dit voel vir my of ek jou nou persoonlik ken nou dat ek 'n gesig by die naam kan sit. Voorspoed vir julle vir die Nuwe Jaar en sterkte met al jou werke, hou so aan met Onsdorp.

(Nou ja, "Mevrou Stander", nou weet jy daai gesig wat jy bo-aan elke Kammanuus sien, is eg. - Hennie.)

Selma van Krugersdorp:

Spesiaal Kwêla gekyk. Hoe gelukking kan 'n man wees om so lekker werk te hê! Seker maar met alle soorte stres by. Klink jou bedmaatjie geniet die ook om so die wêreld te kan sien.

Baie dankie dat jy dit met ons gedeel het, dit was baie interessant en is baie bly dat jy deel was van die Gautrain projek, met al die nodige kennis van ons eie bodem se mense.

(Oukei, Selma, die geheim is uit, my bedmaatjie en my kamermaatjie is een en dieselfde meisie! ;-) en 1 Junie is ons 30 jaar getroud. - Hennie.)

Marietjie Rheeder, Krugersdorp:

Die program was puik, maar die beste was om jou in my eie sitkamer van aangesig tot aangesig te ontmoet, want ek is in 'n rystoel en dit is vir my lekker om afrikaanse programme te kyk.

(Dankie vir die voorreg om 'n kuberkuertjie te kon afknyp daar by jou, Marietjie! - Hennie.)

Apie de Klerk:

Tyd is skaars, maar baie geluk met die show, dit was baie goed. Ek is ook 'n "gatkruiper" wat maar op die myne werk as Survey Manager vir my daaglikse brood. Julle rockmechanics is hoeka 'n spesie op julle eie, nes ons surveyors. Sterkte in anderkantland tussen die duine, hoe smaak kameel biltong? Ons praat weer.

Groetnis uit Middelburg, Mpoepmalanger.

(Wys jou net, mens weet nooit waar n goeie gatkruiper volgende gaan uitpop nie! - Hennie.)

Betsy Pelling:

Jy weet dit nie maar jy het gisteraand by my gekuier in my sitkamer en ek het behoorlik aan jou lippe gehang. Dankie tog vir Kwela en dankie dat hulle mense soos jy uitsnuffel.

Dit was nou regtig so lekker om na jou en jou vrou te luister en ek beny julle

amper oor al die dinge wat julle al gesien en gedoen het.

Ek het dadelik vir van my familie en vriende laat weet wat Anderkant bly dat as die verlange groot word na Kammaland moet hulle by Duskant 'n draai gaan maak.

Ek en my wederhelf bly in Kammaland maar ek het 'n dogter wat Anderkant bly met met kleinseun van 11. Ons is albei pensionarisse en sukkel maar om Anderkant te kom vir 'n kuiertjie.

Ek is nou so bly dat ek kan klaar kom met min slaap en dat ek dan in die middernag ure vir julle kan gaan kuier in Onsdorp.

Baie sterkte vir almal in Onsdorp en ek hoop jy en jou vrou geniet dit om weer vir 'n rukkie te werk in Anderkantland.

*(Betsy, dankie dat jy my herhinner het waar ek oral rondgeloop het! ;-)
Annabelle wil altyd weet waar ek was. Jy sal weer moet skryf en vir ons verduidelik waar jy eintlik woon. So tussen al die duskant, anderkant en kammaland, het jy my effe verloor - Hennie.)*

AGTEROS

Pitstops

Deur **ANDRÉ DIPPENAAR**

**"Eers die een been wat hewig begin ruk met voet en al.
Dan die ander een. Sonder ophou."**

WENS ek so oorle oompie Doors was nog met ons. Ou sou darem lekker stories uit hierdie toere loop staan en maak het. Het mos altyd gesê die enigste verskil tussen jagters en hengelaars issie verskil innie gewig van hulle liegtery.

Visvangers se grotes kom almal weg voorlat hulle dit aanie skaal kan loop staan en hak, ennie een skierter se oë is altyd skerper en sy kruite altyd sterker assie anner ouens s'n.

So sit ons mos jaar vir jaar af Beaufort-Wes toe. Na Gideon toe. Baas vannie plaas. Fletsblou oë soos 'n Gestapo generaal. Vattikakki.

Ry ons mos een jaar weer hier op. Met Ernst Gouevinger se geld en rygoed. Veertig in die span. Dertig drinkers, ses jagters, twee aspirant jagters en twee skietters sterk. Is ek agter die stange van die ryding. 'n Condor. Vrot geplakkaat van sy gastehuis se hoedanighede.

Ry ek sommer hier agter om. Velddrif, Piketberg, Porterville, Gouda, Ceres oor. Ander manne volg ander roetes. Amper soos die Groot Trek. Verskillende koerse, maar een bestemming.

Passasiers oorval met 'n ergere koffie allergie. Begin sommer al by Piketberg vat aan die moute en harde houte. Beveg hulle bokkoors, stywe snellervingers en dors met dieselfde medikasie en in ewe groot oordosis.

Nou het mout en hout mos 'n manier om die knypspiere te bekruip. Soos daai kort, geel San-mannetjies agter 'n gemsbok tussen die duine in die Kalahari.

Enigste verskil is die trop mout-en-hout manne het mos 'n manier om almal gelyk die bekruiper raak te sien, terwyl die gemsbok alleen skrik.

So moet ek kort-kort die stange intrek. Stroom die passasiers uit die bussie, kort op die hakke van die moutstroom. Aan die spoed waarmee die manne heining toe hol, sou mens kon sweer hulle het lank voor die tyd al die nooddril geoefen. Wonder ek so by myself of van die dapperes nie sommer skaamteloos met oop gulpe in die bussie geklim het nie.

Een pisstop – 'skuus, pitstop – bondel spul weer uit. Het ek die tyd en afstand tussen stoppe so ietwat moedswillig gerek. Hol hulle spuit-spuut, brandslang in die hand, heining se kant toe. Een dapper knyperkryger besluit om nie skouer – aan-skouer saam met ander te loop staan nie. Klim bo-oor die omheining en trippel veld in.

Tot by 'n telefoonpaal. Een hand aan die ankerdraad. Ander hand waar dit hoort. Begin die man sulke rukkings te kry. Eers die een been wat hewig begin ruk met voet en al. Dan die ander een. Sonder ophou. Wissel die rukkings mekaar af.

Sien een van die gemoute brandweermanne die spulletjie. Verwar Evkom en Telkom se kragbronne. Maak alarm. "Boys", skrou hy, "daai man is besig om hom vrek te *shock!*" Slinger die noodspan oor die heinig.

"Moenie kaalhand aan hom vat nie!" skrou een wyl hy 'n houtspar uit die omheining loswoel. Staan die ander versigtig buite reikafstand van die hoogspanning en raad gee. Kom hardloop spardraer tussen hulle deur. Slaat hy die slagoffer se hand met een hou los van die anker draad. Neer teen die grond.

Juig die moutspan hom toe.

Sit die skokslagoffer en staar na sy regterarm. Staan die windskeef tussen die pols en elmboog. Mors-af gered.

"Is jy bedonnerd!", brul hy. "Vir wat loop staan en doen jy dit?"

"Blêrrie ondankbaar," verduidelik die redder vir hom.

"Man, jou kopbeen is vol gemmerjellie, boggerol breins. Dis g'n van lektriëk skok wat my bene so geruk het nie. Kyk self hoe lyk my blêrrie plakkies van die duwweltjies. Ek staan en sukkel om die duwweltjies uit te skud. Het mos net twee f..... hande!"

So laat spalk ons hom in Laingsburg. Sonder verdowing. Kry die manne 'n tweede opinie by die Royal in Beaufort-Wes. Voer ons die slagoffer af. Plaas toe.

Weet ek sommer toe al; hierdie ekspedisie gaan sy eie kwota opelyf oplewer.

**Jou volgende kwota pret en plesier verskyn
op 26 Januarie 2009**